# Nuusbrief van die Afrikaanse Letterkundevereniging (ALV)

**Jaargang 24, Desember 2009**

**Inhoudsopgawe**


| | |
|---|---|
| Van die Voorsitter | 2 |
| Oproep om bydraes – ALV-kongres: 27-29 September 2010 | 3 |
| Nasionale nuus | 5 |
| Internasionale nuus | 16 |
| Lidmaatskapvorm | 21 |


**Samesteller:** **Karin Cattell**

**Redaksieadres:** **Sentrum vir Onderrig en Leer**
**Universiteit Stellenbosch**
**Privaatsak X1**
**Matieland**
**7602**

**Tel.:** **021 808 3074**
**Faks:** **021 886 4142**
**E-pos:** **kcattell@sun.ac.za**

## *Voorsittersboodskap*

Beste kollegas

Hiermee die 2009 nuusbrief oor die werksaamhede aan ons universiteite in departemente of vakgroepe van Afrikaans en Afrikaans en Nederlands, asook ‘n oproep vir die tweejaarlikse kongres van die Afrikaanse Letterkundevereniging. Dié nasionale kongres word van 27 tot 29 September 2010 in Port Elizabeth aan die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit gehou. Hopelik is die harwar van die 2010 Wêreldbekersokker dan agter die rug, en het lug- en padverkeer na normaal teruggekeer!

Soos u kan sien uit die gepaardgaande nuusbrief word daar steeds hard gewerk in die wyngaard van die Afrikaanse letterkunde: skrywers publiseer, studente en personeel doen navorsing, en ten spyte van ontwrigtende nasionale en internasionale verskynsels in die ekonomie en die ekologie, wroet ons voort. In 2010 word die Hertzogprys toegeken aan die beste werk in Afrikaanse prosa, en heelwat romans deur ons voorste skrywers sal in aanmerking kom.

Op literêrteoretiese en kreatiewe fronte word groot gewag gemaak van die transnasionale perspektief (sien vir insiggewende bydraes hieroor die nuutste *Current Writing,* volume 21 (1 & 2) wat so pas verskyn het onder die titel *Beyond 2000. South African Literature Today*). Ons het dit goed gedink om vir volgende jaar se kongres hierdie omvattende benadering van transnasionalisme te neem as een van ons kongrestemas, naas marginaliteit. Die onderwerpe is met opset breed geformuleer, sodat daar ruimte behoort te wees vir ‘n wye aanpak van diverse referate.

‘n Geseënde Kersfees en nuwe jaar word u toegewens.

Helize van Vuuren
Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit
Port Elizabeth

## *OPROEP OM BYDRAES – ALV-KONGRES: 27-29 SEPTEMBER 2010*

### NELSON MANDELA METROPOLITAANSE UNIVERSITEIT, PORT ELIZABETH

### - *MARGINALITEIT EN TRANSNASIONALISME IN DIE AFRIKAANSE LETTERKUNDE* -

Die fokus van die 2010 ALV-kongres is tweeledig – op sowel marginaliteit (subjekposisies wat hiermee te make het) as transnasionalisme ('n wyer perspektief, wat globalisering en aspekte van diaspora insluit). Referate word gevra in enige van hierdie fokusareas, of 'n kombinasie van die twee, byvoorbeeld die marginale posisie van die Afrikaanse letterkunde, en daarteenoor watter aspekte van vertaalde Afrikaanse literêre werke maak dat hulle suksesvol as "transnasionaal" figureer.

Marginaliteit

Aan die tydgenootlike posisie van die San en Khoi en hul nasate word toenemend aandag gegee, met 'n navorsingsentrum die laaste jare by die Universiteit van die Vrystaat opgerig en 'n webruimte vir San-organisasies (www.sa.org.za). Tale word bemagtig, en stemme word luider oor hierdie Eerste Mense van die land. Ook in die Afrikaanse letterkunde is daar 'n sterk bewussyn van die San en Khoi, reeds vanaf Von Wielligh se vier dele *Boesmanstories* (1919-1921) (so pas heruitgegee deur Protea) tot by Schoeman se *Verkenning* met sy anonieme San-vrou aan die slot. Marginaliteit en posisies van marginaliteit is die een been van die fokus van hierdie kongres. Moontlike verwante onderwerpe is:

- Ras en marginalisering sedert die koloniale tydperk:
- San- en Khoi-oraliteit en die Afrikaanse letterkunde
- Die eietydse San- en Khoi-situasie soos gereflekteer in die Afrikaanse letterkunde
- Afrika in die Afrikaanse letterkunde (byvoorbeeld gemarginaliseerde Afrika- en Afrikaanse identiteite)
- Geweld, mag en marginalisering
- Migrasie en marginalisering
- Marginale seksualiteite: gay, queer, biseksualiteit, transgender
- Ideologiekritiek in resente Afrikaanse romans (Afrikaanse skrywer/Afrikaanse taal/Afrikaanse mens as gemarginaliseerde).

Transnasionalisme

In literêrkulturele kringe het die behoefte ontstaan om verby die geslotenheid van die "nasionale" na die transnasionale horison te beweeg: tekste sirkuleer oor grense heen wat aanleiding gee tot kulturele verandering. Daar kan selfs gepraat word van 'n "transnasionale breuk" in literêrkritiese en kreatiewe geskrifte (Leon de Kock in *Current Writing,* 2009:21 (1 & 2): 28). Transnasionalisme en globalisering bring nuwe kulturele konfigurasies wat noodwendig ook in die literatuur neerslag vind. In die Afrikaanse literatuur verskyn toenemend tekste waarin skrywers besin oor die plek van die individu en die Suid-Afrikaanse nasie met al sy etniese groeperings binne die nuwe wêreldorde. Kommer oor aardverwarming en die natuurlewe oorheers gereeld wêreldwye debatte

oor die toekoms van mens en dier op aarde namate die mensdom se verantwoordelikheidsgevoel 'n wyer spektrum begin dek as net kulturele, etniese en nasionale belange. Moontlike onderwerpe wat hiermee verband hou, is:

- Transnasionalisme, diaspora en identiteit (aspekte van migrasie, diaspora, nomadisme, ballingskap, die aanneem van nuwe kulture, die tussenkulturele bestaan in die nuwe diaspora)
- Die wêreld in krisis? Apokaliptiese en distopiese representasies van ekologie en samelewing
- Globale ekonomiese ontwikkelinge en die literatuur
- Families en transnasionalisme.

**Referaatvoorstelle – opsommings van 300 woorde – word ingewag tot en met 12 Maart 2010.**

**Kontakdetail: E-pos vir referaatvoorstelle of navrae: alv@nmmu.ac.za**
**Kontaktelefoonnr. vir navrae: 041/5042223**

**Vir enige ander navrae: Dr. Marius Crous: 041/5042227**
**Dr. Gitte Postel, via NMMU-sentrale: 041/5042111**

## *Nasionale nuus*

### Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit: Afdeling Afrikaans & Nederlands, Departement Tale en Letterkunde

Vanaf 1 Maart 2009 is dr. Marius Crous letterkundedosent in die afdeling Afrikaans & Nederlands van die Departement Tale en Letterkunde by NMMU, saam met proff. Annél Otto (taalkunde) en Helize van Vuuren (letterkunde). Die afdeling het dus nou verdubbel in literêre "kragte", met die nagraadse studentegetalle die sterkste in meer as ‘n dekade. Vir 2010 het ‘n groot aantal Honneurs-studente ingeskryf. Hoofsaaklik gemoeid met die onderrig van voorgraadse kursusse en kreatiewe skryfwerk, was dr. Crous in 2009 ook buitemuurs betrokke by die opstel van studiegidse vir onderwysers in Afrikaans, veral vir skole in Uitenhage en omgewing.

Postdoktorale student aan die NMMU (Maart 2009 tot Maart 2011), dr. Gitte Postel (outeur van *Unheimlich Moederland: Anti-Pastorale Letteren in Zuid-Afrika*, 2006), het in Junie aan die *Worlds in Dialogue* kongres by die NWU deelgeneem met ’n referaat oor die representasie van die sangoma in eietydse literatuur (ter perse in *Current Writing*). Sy is betrokke by die opleiding van M.A.- en doktorale studente asook by navorsingsprojekte van die departement.

Mnr. Gideon Strydom (M.A.-student van prof. Van Vuuren) is as enigste letterkundestudent (in Afrikaans!) in Mei vanjaar gekies as een van 300 studente uit 1500 nasionale aansoekers om ‘n weeklange NRF-konferensie vir voornemende doktorale studente in Johannesburg by te woon. Die oorgrote meerderheid studente was uit die natuurwetenskappe.

Op 16 September is ‘n Breytenbach-aand by huise Van Vuurens gehou, waar die digter se sewentigste jaar gedenk is met die voorlees van nagraadse studente en personeel se geliefde gedigte, na opening deur dr. Crous met "Die fascistiese pampoen". Op 19 September het prof. Van Vuuren haar bydrae tot die Breytenbach *Tydskrif vir letterkunde*-uitgawe by die colloquium oor die digter se werk op Wellington herhaal.

Gedigte van verskeie studente met Afrikaans & Nederlands as vak is opgeneem in *Sharp!*, die meertalige literatuur-en-kuns kampustydskrif. ‘n Bydrae deur Marlene van Niekerk is deur dr. Crous vir die volgende uitgawe bekom. Een van die derdejaarstudente, mnr. Wessel Stoltz, skryf op gereelde grondslag Oos-Kaapse reisrubrieke in die *Oos-Kaap Burger* bylae, terwyl me. Maricelle Botha, M.A.-student oor die rol van musiek in *Agaat,* teaterresensies lewer vir dieselfde publikasie. Dr. Crous skryf gereeld boekresensies in *Rapport, Beeld* en *Die Burger.*

Die plan is om volgende jaar weer die literêre tydskrif, *Onse Angeltjie*, wat van 1998 tot 2004 deur prof. Van Vuuren en navorsingsgenoot dr. Philip John bedryf is, te laat herleef.

## Universiteit van Pretoria: Departement Afrikaans

### Algemene personalia

2009 was ’n veelbewoë jaar aan die departement as gevolg van verskuiwings binne die Fakulteit Geesteswetenskappe aan die UP. Ons het afskeid geneem van Viola Milton, ’n oudstudent wat lank aan die departement verbonde was, die afgelope paar jaar as senior dosent in Media- en Kultuurstudie. ’n Verdere belangrike verwikkeling is dat Hein Willemse aan die einde van Desember uittree as departementshoof en dat prof. Willie Burger (tans van UJ) vanaf 1 Januarie 2010 die leisels gaan oorneem. Ons neem met spyt afskeid van Hein Willemse in sy kapasiteit as departementshoof. Hy het die departement byna 10 jaar lank uiters bekwaam gelei en was aan die stuur van vele vernuwings. Ons is egter ook bly om Willie Burger by ons te verwelkom en ’n nuwe hoofstuk in die lewe van die departement te begin.

### Publikasies en navorsing

Die departement het die afgelope twee jaar ’n goeie publikasierekord gehad wat betref hoofstukke in boeke en geakkrediteerde artikels. Van 8 permanente personeellede en enkele navorsingsgenote het daar byvoorbeeld in 2008 en 2009 telkens 5 bydraes in boeke verskyn, terwyl 2 akademiese boeke gepubliseer is. Verlede jaar is 18 artikels in geakkrediteerde tydskrifte gepubliseer en in 2009 is tot dusver 12 artikels gepubliseer. Dit sluit onder meer in Hein Willemse se twee artikels: “Tokkelossie, ‘n Boesman, outa Hendrik en ontkennende close readings” in *Literator* 29(3):57-73 en “NALN, kultuurskatte en gemeenskaplikheid” in *Ensovoort* 13(1):105-113. Van Annette Jordaan verskyn daar: "Stories wat die waarheid lieg en stories wat leuens verdoesel" in *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans* 15 (1):19-28 en "Die bloekomboom as metafoor in die Afrikaanse taalruimte" in *Stilet* XXI(1): 39-52. Nerina Bosman publiseer ’n artikel in die *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* (23:1) met die titel “Brongebruik in die populêre historiese roman, met spesiale verwysing na Engela van Rooyen en Oswald Pirow”. Heinrich Grebe publiseer “Wij spreken zo niet onder ons – taalstandaardisasie en die konstruksie van identiteit (*Litnet Akademies*) en “Die dinamika van Kaaps-Hollands – belangrike nuwe insigte in die ontwikkeling en standaardisering van Afrikaans (*T N&A* 13(1)). In die *Stilus* van die tydskrif *Stilet* verskyn daar die vertaling deur Heinrich Grebe van die eerste drie hoofstukke van Bordewijk se *Bint,* en eersdaags verskyn sy artikel met aantekeninge oor die vertaling in die nuutste nommer van *Stilet.*

Die departement was vanjaar goed verteenwoordig by ’n aantal kongresse. In Februarie het personeel en studente die Neerlandistieksimposium by die Universiteit van Johannesburg bygewoon. Die 17de Colloquium van die Internationale Vereeniging voor Neerlandistiek in Utrecht, Nederland het van 23 tot 29 Augustus plaasgevind: Nerina Bosman het ’n plakkaatsessie gehad (“Een cursus Nederlands voor Afrikaanssprekende studenten”) en Heinrich Grebe en Jacomien van Niekerk het referate gelewer: “De prekenbundel als getuigenis: standaardafrikaans in de vroeg twintigste eeuw” (HG) en “De vertaling van een vertaling: problematische aspecten van de Nederlandse versie van de /Xam-gedichten door Antjie Krog” (JvN). Nerina Bosman en Heinrich Grebe het ook in September ’n dosentebyskolingskursus van die Nederlandse Taalunie, “Nederlandse literatuur en cultuur”, in Amsterdam bygewoon. Verder het Nerina

Bosman tydens die LVSA-kongres in Kaapstad ’n referaat gelewer met die titel “Productive word forming processes in modern Afrikaans and Dutch: a comparison”.

Jacomien van Niekerk het op 1 September haar M.A. in Afrikaans met lof ontvang vir ’n studie oor verstedeliking in die letterkunde en ’n doktorale student, me. B.H.J. Carstens, het haar lywige studie, *Hertzogpryswenners in Drama 1915-1917* voltooi. ’n Interessante M.A. in media- en kultuurstudie wat onder die leiding van Viola Milton en Hein Willemse voltooi is, is Waheeda Ismail se *Ethnography of Indian diaspora women watching Bollywood cinema in South Africa*.

**Departementele aktiwiteite**

“Patryspoort na buite”, ’n interdissiplinêre dagsimposium oor navorsing in en óór Afrikaans, sou in September plaasgevind het, maar moes helaas weens gebrek aan belangstelling afgestel word. Die simposium vind egter vroeg in 2010 plaas en die departement hoop om kollegas en studente van dwarsoor die land op die UP-kampus te verwelkom. ’n Gedenklesing om prof. Gawie Nienaber te huldig word in die vooruitsig gestel.

Die departement was in 2009 die gashere van die jaarlikse Nederlandse Winterskool vir studente tydens die Julievakansie. Dit was ’n geslaagde week met uitstekende aanbieders waartydens intensiewe taalonderrig afgewissel is met ’n verruimende blik op die Nederlandse letterkunde en ’n aantal boeiende films.

Die jaarlikse Lenteseminaar vir Afrikaansonderwysers wat deur die departement georganiseer word, het op 16 Oktober plaasgevind en was opnuut ’n sukses. Die departement stel hierdie geleentheid om interaksie met onderwysers te hê op prys en glo dat vanjaar se aanbiedings deur gesoute onderwyskundiges behulpsaam en inspirerend was.

## Universiteit Stellenbosch: Departement Afrikaans en Nederlands

Willem Anker se drama *Sakrament* is in April by die KKNK 2009 opgevoer met regie en ontwerp deur Marthinus Basson. Die spelers was Eben Genis, Sophia Wessels, Neels Coetzee, Stian Bam, Hanna Borthwick, Marlie Kock, Christiaan Olwagen en Wilhelm van der Walt. Sy drama *Skrapnel* is in September opgevoer by Aardklop 2009, met regie en ontwerp deur Jaco Bouwer. Hiervoor het hy die AngloGold Ashanti Smeltkroesprys ontvang vir die beste nuwe Afrikaanse verhoogteks terwyl Jaco Bouwer die Beeld Plus Aartvark-prys vir grensverskuiwende werk ontvang het vir sy regie en ontwerp van die stuk. Die spelers was Andrew Thompson, Jenine Groenewald en Marcel van Heerden. Willem was ook medeskrywer (saam met Hunter Kennedy) van die rockteaterstuk *2-21* wat by beide die KKNK en Aardklop gespeel het met regie en ontwerp deur Jaco Bouwer en spelers Francois van Coke, Anneke Weideman, Pierre van Pletzen en Braam du Toit.

Dorothea van Zyl, Ronel Foster en Siegfried Huigen het referate gelewer by die IVN-kongres wat in Augustus 2009 in Utrecht plaasgevind het.

Marlene van Niekerk is in 2009 aangestel as gasskrywer aan die Universiteit van Leiden en was die 25ste skrywer om hierdie posisie te beklee. Vanaf begin September tot einde November 2009 het sy in hierdie hoedanigheid ‘n werkcollege in kreatiewe skryfwerk versorg en ook die Albert Verwey-lesing aangebied.

Marlene van Niekerk het ook op 19 November 2009 ‘n eredoktorsgraad van die Universiteit van Tilburg in Nederland ontvang. Daarmee saam het sy op 17 en 20 November meestersklasse in kreatiewe skryf en lees by die Universiteit van Tilburg aangebied.

Die departement het in samewerking met die Breytenbach-sentrum ‘n simposium oor die werk van Breyten Breytenbach gereël om saam te val met die digter se sewentigste verjaardag op 16 September 2009. Die simposium het plaasgevind op Saterdag 19 September by die Breytenbach-sentrum en is gebaseer op die bydraes van verskillende akademici wat verskyn het in ’n spesiale Breytenbach-nommer van *Tydskrif vir Letterkunde.*

Van Louise Viljoen het in Mei 2009 verskyn *Ons ongehoorde soort. Beskouings oor die werk van Antjie Krog* by Sun Press. Sy het in Oktober 2009 ‘n referaat gelewer by die Monster-simposium gereël deur die Departement Afrikaans en Algemene Literatuurwetenskap van UNISA en tree in Desember 2009 op by ‘n seminaar oor Petronella van Heerden gereël deur die Commissie Zuid-Afrika van die Maatschappij der Nederlandsche Letteren in Amsterdam.

***Over grenzen/Oor grense (*****Ronel Foster, Yves T’Sjoen en Thomas Vaessens (reds.))**

In Junie vanjaar het die vakwetenskaplike publikasie *Over grenzen/Oor grense. ’n Vergelykende studie van Nederlandse, Vlaamse en Afrikaanse poësie* by Acco in België verskyn. Die redakteurs is Ronel Foster (Stellenbosch), Yves T’Sjoen (Gent) en Thomas Vaessens (Amsterdam).

Die boek bevat sestien gevallestudies waarin ontwikkelinge, outeurs en publikasies in die naoorlogse Nederlandse, Vlaamse en Afrikaanse poësie sentraal staan. Akademici verbonde aan verskillende universiteite het bydraes gelewer waarin bestek geneem word van sowel die raakvlakke as die verskille tussen die betrokke literêre velde. In die komparatistiese deelstudies word ingegaan op die wyse waarop tekste met mekaar in gesprek tree, digters mekaar kon inspireer en beïnvloed, en samewerking en die uitwisseling van idees kon plaasvind tussen die onderskeie sisteme.

Die artikels bevat verhale oor onder andere Anna Enquist en Antjie Krog; Karel Jonckheere en N.P. van Wyk Louw; M. Vasalis en Elisabeth Eybers; Annie M.G. Schmidt en Philip de Vos; J. Slauerhoff en C. Louis Leipoldt; Mustafa Stitou en Sydda Essop; performances en smartlappoëzie. Die skrywers kyk ook hoe poësie in die Afrikaanse kritiek en die Nederlandse/Vlaamse kritiek toe en nou gelees word, en hoe literêre temas ander invullings kry en skrywers tog verwant maak.

’n Antologie met Nederlandse, Vlaamse en Afrikaanse gedigte sedert 1960, G*renzeloos/Grensloos*, word in die vooruitsig gestel.

**Woordfees**

Tydens 'n Prestige-aand wat op 12 November 2009 gehou is, het die FAK 'n toekenning aan die US Woordfees gemaak vir Besondere Kultuurprestasie. Prof. Dorothea van Zyl, direkteur van die US Woordfees, het dié plakket namens die Woordfees in ontvangs geneem.

Liefhebbers van die woordkuns in al sy vorms kan solank hul vere regskud vir ’n opwindende program wat tydens die elfde Woordfees van 1 tot 7 Maart 2010 op Stellenbosch aangebied word. ’n Uitgebreide skrywersprogram beloof om die beste stemme in die Afrikaanse letterkunde te laat opklink. Skrywers uit Nederland en Zimbabwe sal ook te sien wees. Dramas en musiekproduksies van uitstaande gehalte word aangebied, terwyl nuwighede soos ’n uitgebreide Kinderfees en ’n Kabarettent feesgangers sal vermaak. Hou gerus die Woordfees se webwerf (www.woordfees.co.za) dop vir die verskyning van die 2010-program vroeg in Desember.

## Universiteit van Suid-Afrika: Departement Afrikaans en Algemene Literatuurwetenskap

In Oktober 2009 het die Departement Afrikaans en Algemene Literatuurwetenskap ’n dagseminaar aangebied met die titel “Hier zijn draken. Op soek na monsters en mites”. Tydens hierdie geleentheid het Ilse Groenewald, Andries Visagie en Piet Swanepoel van Unisa referate gelewer. Gaste Louise Viljoen, Fransi Phillips, Thys Human en Corlia Fourie het ook interessante bydraes gelewer oor die representasie van monsters in die literatuur. Monsterteorie, monsters in die Middeleeuse literatuur en in die eietydse prosa en poësie, vir sowel volwassenes as kinders, het aandag ontvang. Onder die redakteurskap van Ilse Groenewald sal ’n uitgawe van *Stilet* verskyn met bydraes oor monsters en mites. Ilse Groenewald en Piet Swanepoel het ook in Oxford hulle navorsingsbevindings tydens ‘n kongres oor monsters aangebied.

Unisa-kollegas het vanjaar by ’n hele aantal internasionale universiteite opgetree. Henriëtte Roos was in Julie in Venesië waar sy tydens ’n kongres oor die kunste ’n referaat oor die uitbeelding van die kunste in Stuart Cloete se *Congo Song* en Lauren Beukes se *Moxyland* gelewer het. Marisa Keuris het in Zagreb, Kroasië, ’n referaat oor die Afrikaanse vertalings van Athol Fugard se dramas gelewer by die agtiende kongres van “Performance Studies International”. In Julie was Andries Visagie by die Universiteit van Cardiff in Wallis waar hy ’n referaat gelewer het oor die werk van Eben Venter en Lauren Beukes tydens ’n kongres met die titel “Literature, Arts and Culture in an Age of Global Risk”. Neil Cochrane was in Mei in Budapest waar hy ’n bydrae gelewer het oor André Brink se prosa tydens ’n kongres oor vroue en boosheid.

Plaaslik het Marianne de Jong ’n referaat by die gesamentlike AUETSA- en SAVAL-kongres in Potchefstroom gelewer (“Worlds in dialogue”). Haar referaat het gegaan oor *In the Heart of the Country*

van J.M. Coetzee en sy het haar toegespits op sy gebruik van die Kaapse argief en sy verwerking van 'n insident uit die tyd van die eerste Nederlandse bewind aan die Kaap waarby gewone burgers en slawe betrokke was en wat dus ook in Nederlands in die argief gerapporteer is. Op haar beurt het Erika Lemmer in Oktober 'n referaat oor die retro-Victoriaanse elemente in *Niggie* van Ingrid Winterbach gelewer tydens 'n kongres oor ekokritiek in die Wes-Kaap waar Helen Tiffin die hoofspreker was.

Wat internasionale samewerking betref, het die Departement Afrikaans en Algemene Literatuurwetenskap reeds ver gevorder om 'n samewerkingsooreenkoms met die Universiteit van Gent op die been te bring. In Oktober het Andries Visagie in Gent 'n lesing oor ontwikkelinge in die Afrikaanse egoliteratuur sedert 1994 aangebied en daar is planne om die uitruil van studente en personeel in 2010 sterker te bevorder. Die doel is uiteindelik om 'n driehoekige samewerking tussen Unisa, Gent en die Universiteit van Poznan in Pole te vestig. Twee studente van Unisa het vanjaar ook in Gent en in Zeist deelgeneem aan die jaarlikse somerskool vir Neerlandistiek wat deur die Nederlandse Taalunie aangebied word.

'n Goeie gerf akademiese publikasies uit die penne van personeellede in die Departement Afrikaans en Algemene Literatuurwetenskap het vanjaar reeds verskyn en nog heelwat is op pad. In die pers het Neil Cochrane, 'n bedrywige resensent, oor werke van onder meer Etienne van Heerden, Joan Hambidge en Odette Schoeman gepubliseer en Andries Visagie versorg elke tweede week 'n rubriek, "Kopstukke", vir *Beeld* se "By".

Pretoria is 'n stad met baie leeskringe wat deur groot groepe ywerige lesers van die Afrikaanse letterkunde ondersteun word. Linde Beer, Henriëtte Roos, Erika Lemmer en Andries Visagie het sowat 10 keer leeskringe in Pretoria toegespreek. Andries Visagie was vanjaar ook betrokke by die Stellenbosse Woordfees en die Woordpoortfees by die Universiteit van Pretoria waar hy 'n openbare onderhoud met twee besoekende skrywers uit Nederland en België, Ester Naomi Perquin en Johanna Spaey, gevoer het.

Unisa se kenner van die Afrikaanse drama, Johan Coetser, het onlangs sy intreerede gelewer. Die intreerede, wat hy ook as 'n referaat in Lissabon aangebied het, het gegaan oor aspekte van diaspora in die resente Afrikaanse drama. Tom Gouws se *Nag van die lang messe*, Christiaan Botha se *Kabbo op die ysterspoor* en *Kaburu* van Deon Opperman het in die intreerede aandag ontvang.

Meer inligting oor ontwikkelinge by die Departement Afrikaans en Algemene Literatuurwetenskap is te lese op die departementele webwerf: http://www.unisa.ac.za/Default.asp?Cmd=ViewContent&ContentID=13256.

## Universiteit van Kaapstad: Vakgroep Afrikaans en Neerlandistiek

Die vakgroep Afrikaans en Neerlandistiek aan die UK bevind sigself in 'n oorgangstydperk. Ons verloor einde vanjaar 'n gewaardeerde kollega, Chris van der Merwe, maar kon gelukkig 'n vaste aanstelling vir 'n jonger kollega, Ian van Rooyen, deurvoer. Ons is ook tans gemoeid met die aanstelling van 'n plaasvervanger vir Chris.

**Chris van der Merwe** tree na 34 jaar se verbintenis met die UK af. Die vakgroep laat hom met 'n swaar hart vry. 'n Mooi afsluiting vir sy dienstyd is die toekenning deur die SA Akademie van die driejaarlikse Gustav Preller-prys vir sy bydrae tot die Afrikaanse letterkundige kritiek.

Tydens sy sabbatsverlof in die eerste semester van 2009 het Chris verskeie seminare oor die Afrikaanse letterkunde aan die Radboud-universiteit in Nijmegen aangebied. Hy het ook in samewerking met Hans Ester 'n konferensie oor "Narratief en trauma in Afrikaans en Nederlands" gereël. Die konferensie is op 15 Mei 2009 in Nijmegen gehou. Chris het 'n bydrae gelewer oor "Liminale reise in *30 nagte in Amsterdam*". Die organiseerders hoop om later 'n keuse uit die konferensiebydraes te publiseer.

Daar was ook die publikasie van 'n boek waarvan Chris en Pumla-Gobodo-Madikizela mede-redakteurs is: *Memory, Narrative and Forgiveness*. Dit bevat 'n keuse uit referate wat in 2006 by 'n internasionale konferensie aan die Universiteit van Kaapstad gehou is; Chris het 'n hoofstuk daarin oor "Literature as TRC – Examples from Afrikaans Literature". In Desember vanjaar word 'n soortgelyke konferensie deur Chris en kollegas by die UK gereël rondom die tema "Beyond Reconciliation".

Oor sy aftrede merk Chris op: "Dit was lekker, maar die aftrede, glo ek, sal nog lekkerder wees!"

In Oktober 2009 aanvaar **Ian van Rooyen** 'n permanente aanstelling in die Afdeling Afrikaans. Hy spesialiseer in die onderrig van Afrikaans as 'n tweede/derde taal en lewer bydraes tot sowel voorgraadse programme as die vakgroep se spesiale onderrigaktiwiteite. Hy is sedert 2002 aktief betrokke by die beplanning, ontwerp, ontwikkeling en bestuur van die Afdeling se kursusse in mondelinge taalvaardigheid vir die Fakulteit Gesondheidswetenskappe, wat jaarliks bykans 500 studente betrek. Die vakgroep se dienskursusse dien tans as die UK se model om veeltaligheid binne die instelling te bevorder. Vier vaste kontrakaanstellings, wat ook vanjaar vasgeknoop is, staan Ian by in hierdie suksesvolle program, wat hopelik in die toekoms in ander fakulteite ontplooi sal word.

**Joan Hambidge** was soos gewoonlik baie aktief. Sy skryf gereeld resensies vir *Volksblad* en *Die Burger*. Sy skryf ook vir *Weekliks (Rapport).* Sy is tans besig met 'n studie oor die oeuvre van Johann de Lange. Haar digbundel *Vuurwiel* het vanjaar by Human & Rousseau verskyn en verskeie gedigte is beskikbaar op sowel die Versindaba- as LitNet-webruimtes.

Joan het twee essays gepubliseer in *BY se bedkassieboek*, uitgegee deur Tafelberg (red. Andriëtte Stoffberg). 'n Essay is opgeneem in *As almal ver is – Suid-Afrikaners skryf huis toe* (Tafelberg, 2009). 'n Gender-artikel, "Less is (M)Orr" is opgeneem in Melissa Steyn en Mikki van Zyl se *The prize and the price* (HSRC Press).

As mentor was sy ook bedrywig. Die tweede digbundel van haar oud-student, Carina Stander, *woud van nege en negentig vlerke*, het by Tafelberg verskyn. Martina Klopper se eerste bundel verskyn in 2010 by Human & Rousseau terwyl twee studente, Lou-Ann Stone en Fourie Botha, se gedigte aanvaar is vir *Nuwe stemme 4*. Joan begelei tans een nuwe Ph.D.-student en drie digters.

As dosent hou sy haar besig met die Afrikaanse digkuns, en vier M.A.-studente en een Ph.D.-student het vanjaar hul studie onder haar voltooi. Shathley Abrahams se tesisonderwerp was: *Older than language. Comics as philosophical praxis and heuristic for philosophical canon*.

By die Versindaba in November het sy 'n lesing gegee met as titel "Die digters van tagtig". Aanstaande jaar sal sy 'n lesing aanbied oor Wallace Stevens by die ICLA-kongres in Korea.

As kreatiewe reisiger het Joan vanjaar Mombasa besoek en sy vertrek in Desember op 'n reis deur Egipte.

**Etienne van Heerden** bestuur tans die vakgroep en hanteer ook die Sentrum vir Skeppende Skryfwerk se Fiksie-aanbod vir M.A.-studente in die tweede semester. Daar was vanjaar 14 studente, wat bekende name soos Shaun Johnson en Wilna Adriaanse insluit.

Hy begelei verder individuele nagraadse studente, met Willemien Brümmer en Toast Coetzer as die skrywers van die twee mees onlangs gepubliseerde manuskripte wat onder sy leiding voltooi is. 'n Roman deur Christine Barkhuizen-Le Roux en 'n bundel kortverhale deur 'n nuwe, verrassende stem, Nicole Strauss, verskyn aanstaande jaar by onderskeidelik Human & Rousseau en Tafelberg.

Sy roman *30 nagte in Amsterdam* het die M-Net, WA Hofmeyr- en Universiteit van Johannesburg-toekennings ontvang en die Engelse vertaling van die roman (deur Michiel Heyns) sal in 2010 deur Penguin gepubliseer word. Leon de Kock se Engelse vertaling van *In stede van die liefde* word in 2011 deur Penguin uitgegee, terwyl dieselfde uitgewer ook aanstaande jaar heruitgawes van *Ancestral Voices* (*Toorberg*) en *Leap Year* (*Die Stoetmeester*) gaan publiseer.

Etienne tree op as uitvoerende redakteur van LitNet en hoofredakteur van *LitNet Akademies*, waar hy dr. Francis Galloway aangestel het as redakteur van *LitNet Akademies (Geesteswetenskappe).*

Hy tree aanstaande jaar onder meer by die London Book Fair op.

## Universiteit van Johannesburg: Departement Afrikaans

Dr. Thys Human is pas aangestel as Hoof van die Departement Afrikaans aan die UJ. 2010 gaan voorwaar 'n groot jaar vir Thys wees – hy neem nie net die leisels van die departement oor nie, maar ook die eindredakteurskap van *Stilet*. Mag die departement en die tydskrif onder sy energieke leiding gedy!

Prof. Jac Conradie tree aan die einde van 2009 af nadat hy 35 jaar lank aan die Afrikaans Departement by UJ verbonde was. Met sy aftrede verloor Afrikaans een van die laaste ware filoloë – 'n groot slag vir die departement asook vir die breër Afrikaanse en akademiese gemeenskap. Jac het 'n groot bydrae gelewer tot die departement se aanbod van Nederlands, Goties, Oud-Noors en Historiese taalkunde, maar hy het hom ook op literêre gebied laat geld met sy bydrae tot die paneel van die UJ-pryse. Sy hoogs gewaardeerde bydrae tot die Studiegroep Middeleeue en Renaissance en die simposiums wat hy

daarvoor gereël het, sal ook gemis word. Boonop was Jac, soos Jaap Steyn hom in *Sonkyker* beskryf, die "immer behulpsame" – Jac het altyd kans gesien om kollegas én studente te help. 'n Festschrift vir Jac, met die titel *Die tand van die tyd* (saamgestel deur Willie Burger en Marné Pienaar, en uitgegee deur SUN-Media), is op 20 November tydens 'n feestelike afskeid aan Jac oorhandig.

Die UJ-Pryse vir Skeppende Skryfwerk is vanjaar vir die negende keer toegeken. Die pryswenner was Etienne van Heerden vir *30 nagte in Amsterdam*, terwyl die belowende debuut van Loftus Marais ook bekroon is.

## Universiteit van die Vrystaat: Afdeling Afrikaans en Nederlands

### Prestasies van personeel

Tussen proff. Hennie van Coller en Bernard Odendaal en drr. Anthea van Jaarsveld en Cilliers van den Berg (as enkel- of mede-outeurs) is vanjaar sowat 10 artikels aanvaar vir publikasie in geakkrediteerde tydskrifte wat ’n fokus op die Afrikaanse letterkunde het. Van Coller het ook ’n aantal artikels van hom gebundel in *Tussenstand. Letterkundige opstelle*, wat tydens die eeufeesviering van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns bekendgestel is.

Referate oor die Afrikaanse letterkunde en ’n plakkaatvoorlegging oor die wisselwerking tussen die Afrikaanse, Nederlandse en Vlaamse literêre sisteme is by 4 geleenthede gelewer.

Verder was Van Coller en Odendaal besonder aktief as boekresensente. Laasgenoemde is versoek om as sogenaamde residensiële resensent van die Afrikaanse poësiewebwerf *Versindaba* op te tree, wat in Mei vanjaar in werking gestel is.

Op die terrein van kreatiewe skryfwerk is ook gepresteer. Van Coller het ’n drama, *Die dokumente*, geskryf wat tydens die genoemde Akademie-eeufeesviering asook by die eerste Woordpoort-kunstefees in Pretoria opgevoer is. Sowel Van Coller as Van Jaarsveld het rolle in die stuk vertolk. Gedigte is geskryf deur Odendaal en Van Coller vir die visuele en woordkunsuitstalling ALLOOI tydens die *Volksblad*-kunstefees in Julie 2009. Voorts het Odendaal lirieke geskryf of help slyp vir die Johannesburgse komponis en sanger Herman van den Berg se vierde CD, *Dit is wat dit* is.

### Prestasies van studente

Proff. Odendaal en van Coller het vir die eerste keer studente (Willise Nel, Nandi Venter en Eleanor Bernard) begelei in ’n gestruktureerde M.A.-program in kreatiewe skryfwerk en literêre vertaling. M. Lamprecht het ’n M.A.-verhandeling (*Simboliek en mitologie as interpretasiehulpmiddels in die migranteliteratuurroman Paravion deur Hafid Bouazza*) onder H.P. van Coller voltooi wat by 2009 se

lentegradeplegtigheid aangewys is as die beste nagraadse studie in die Fakulteit Geesteswetenskappe aan die UV. Sy het ook die Marius Jooste-toekenning vir haar verhandeling ontvang.

Drie doktorale tesisse is in die departement voltooi:

- R.S. Brink: *’n Semiotiese ondersoek na seksuele ritueel in die teater van Jean Genet* (studieleiers H.P. van Coller en A. van Jaarsveld)
- M.J. Human-Nel: *Die impak van sosiopolitieke verandering op die plek van vroueskrywers in die Afrikaanse literêre kanon* (studieleiers H.P. van Coller en A. van Jaarsveld)
- J.P.C. van den Berg: *Die representasie van trauma in die letterkunde; met spesifieke verwysing na die representasie van die Holocaust in die Nederlandse letterkunde* (studieleier H.P. van Coller).

**Internasionale samewerking**

Bernard Odendaal en Hennie van Coller dra twee artikels by tot die opstelbundel *Over grenzen/Oor grense. ’n Vergelykende studie van Nederlandse, Vlaamse en Afrikaanse poësie* (redakteurs Ronel Foster, Yves T’Sjoen en Thomas Vaessens). Hulle lewer ook ’n tweedelige referaat getiteld “Om te Afrikaniseer of nie – die *poetic plots* in Antjie Krog se *Lady Anne* (1989), Louis Esterhuizen se *Die onderwaterweg* (1996) en Marius Crous se *Brief uit die kolonies* (2003)” tydens die werkswinkel “Vers en verhaal – narratiewe strukture en tegnieke in liriese poësie” (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom, 2-4 Julie 2009) – ’n werkswinkel wat onder die leiding staan van proff. Heilna du Plooy (NWU) en Bernard Odendaal (UV) en dr. Odile Heynders (Tilburgse Universiteit, Nederland).

**Lopende navorsing**

Van Coller en Odendaal sit hul samewerking oor die sistemiese kontakte tussen die Afrikaanse en Nederlandstalige literature voort met ’n referaat oor die literatorskap van Rob Antonissen tydens ’n Neerlandistiekdag by die Universiteit van Johannesburg. Ook die projek van Van Jaarsveld en Van Coller oor Afrikaanse en Nederlandse sepies en die sosiale impakte daarvan is verder gevoer, onder meer deur die publikasie van ’n geakkrediteerde artikel.

## Noordwes-Universiteit (Potchefstroom-kampus): Vakgroep Afrikaans en Nederlands

Aan die begin van Junie is 'n geslaagde werkswinkel, getiteld “Vers en verhaal – narratiewe strukture en tegnieke in liriese poësie”, onder leiding van **prof. Heilna du Plooy** aangebied. Die werkswinkel het deel gevorm van 'n navorsingsprojek, met Bernard Odendaal van Bloemfontein en Odile Heynders van Tilburg as primêre medewerkers. Daar is by die geleentheid 17 referate gelewer oor Afrikaanse, Engelse en Nederlandse tekste. Die projek is steeds aan die gang en daar word verskeie publikasies daaruit beplan vir 2010. Belangstellendes wat nog wil saamwerk, kan met Heilna du Plooy in aanraking kom.

Op 5 November het Heilna du Plooy as spreker opgetree tydens die tweejaarlikse T.T. Cloete-erelesing. Die titel van haar voordrag was: “Die deurskynende kelk. Oor vorm en inhoud in die poësie”.

Die erelesing is altyd 'n feestelike geleentheid vir die vakgroep Afrikaans en Nederlands en die Skool vir Tale by die NWU se Potchefstroom-kampus en is bygewoon deur kollegas van Bloemfontein, Johannesburg en Potchefstroom. Prof. Cloete was self ook teenwoordig, 85 jaar oud, maar steeds met vonkelende oë en 'n wakker gees.

Heilna du Plooy is vanjaar aangewys as die produktiefste navorser in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte van die Potchefstroom-kampus van die NWU, asook as een van die 10 produktiefste navorsers aan die NWU as geheel. Baie geluk, Heilna, ons vakgroep is trots op jou!

Die projek om *Literêre terme en teorieë* te digitaliseer het reeds ver gevorder. Die inligting is ingeskandeer en die proefleesproses behoort binnekort voltooi te wees. **Prof. Hein Viljoen** is op soek na medewerkers vir hierdie projek – kom asseblief met hom in aanraking in hierdie verband.

Proff. Hein Viljoen en Heilna du Plooy was medewerkers aan die projek “Kreatiewe Kreature” en die laaste *Literator* van 2009 was 'n spesiale uitgawe hieroor.

Proff. Hein Viljoen en Ina Wolfaardt (Gräbe) beplan 'n spesiale uitgawe van *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* om die vyf-en-tagtigste verjaardag van T.T. Cloete te herdenk.

Daar is van 8 tot 11 Julie 2009 'n kongres – “Worlds in Dialogue / Mafatshe a Puisano / Wêrelde in dialoog” – op die Potchefstroom-kampus van die Noordwes-Universiteit aangebied. Dit is gesamentlik georganiseer deur die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Algemene Literatuurwetenskap (SAVAL), die 4de Konferensie oor Suid-Afrikaanse Kinder- en Jeugliteratuur, die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Taalonderrig (SAVTO), die Association of University English Teachers of Southern Africa (AUETSA) en die South African Association for Commonwealth Language and Literature Studies (SAACLALS). Een van die hoofsprekers op die kongres was Philip de Vos, wat op 16 Junie vanjaar sy 70ste verjaardag gevier het. Behalwe dat hy 'n referaat gelewer het oor die invloed van musiek op sy skrywerskap, het hy ook die Afrikaanse en Engelse weergawes van gedigte gebaseer op die werk van twee komponiste in 'n musiek-en-poësiekonsert voorgedra en uitvoer: Modest Mussorgsky se “Prente by ’n uitstalling” is gedoen saam met die pianis Tertia Visser-Downie, en Camile Saint-Saëns se “Karnaval van die diere” saam met 'n kamerorkes onder leiding van prof. Piet Koornhof van die konserwatorium van die NWU.

**Dr. Phil van Schalkwyk** was een van die organiseerders van bogenoemde kongres. Hy bied ook vanjaar die kursus Afrikaanse letterkunde by die Universiteit van Antwerpen aan. Die kursus neem die vorm aan van ’n speurtog na die Afrikaanse letterkunde. Daar word ook verwys na die intertekste van die Suid-Afrikaanse geskiedenis en die Engelstalige Suid-Afrikaanse literatuur. Die naam van die kursus, “Akkers op die sinkdak”, is ontleen aan die openingskoeplet van N.P. van Wyk Louw se “Klipwerk” (*Nuwe verse*, 1954). Die gaslesings vorm deel van die uitruilooreenkoms tussen die NWU en die Universiteit van Antwerpen. Phil het laat weet dat die belangstelling in die kursus goed is en dat hy die samewerking van die studente as uitstekend ervaar.

**Betsie van der Westhuizen** het referate gelewer by die volgende geleenthede*:* “Narratiewe energie in verhalende tekste oor die omgewing: *Die muisboot*, *Boom bomer boomste* en *Verbrande paradys*” by die Wêrelde-in-dialoogkongres in Potchefstroom, 8-11 Julie 2009; “Narratiewe energie in die sportgedigte van Ernst van Heerden” (werkwinkel: “Vers en verhaal – narratiewe strukture en tegnieke in liriese

poësie", Junie 2009); "Narrative energy in the verbal and visual interworlds of transnational stories for children, adolescents and adults" by die 19de tweejaarlikse kongres van die International Research Society for Children's Literature in Frankfurt am Main, 8-12 Augustus 2009; "Narratieve energie – verbaal en visueel in Joke van Leeuwens veelvoudig interpreteerbare *Iep!*" by die Zeventiende Colloquium Neerlandicum in Utrecht, 23-29 Augustus 2009. Drie lede van die vakgroep Afrikaans en Nederlands het die IVN se colloquium in Utrecht bygewoon.

## *Internasionale nuus*

### Ena Jansen berig van die Universiteit van Amsterdam en die Vrije Universiteit, Amsterdam:

In Januarie 2009 besoek ek saam met UvA-kollega's Pamela Pattynama, Paasman en Michiel van Kempen die Universiteit van die Nederlandse Antillen op Curacao om hulle te adviseer oor die instelling van 'n M.A.-kursus. Tydens die akademiese jaar 2009-2010 het ek verder baie maande in Kaapstad en Johannesburg deurgebring. Ek kon dit doen danksy 'n vervangingsubsidie van die NWO (Nederland se RGN) om te werk aan my navorsingsprojek "Domestic Servants in Urban South African Literature" (ek skryf die boek in Afrikaans). Saam met ander skrywers wat bydraes gelewer het vir *Van Volksmoeder tot Fokof Polisiekar* het ek deelgeneem aan 'n sessie by die KKNK. Die boek verskyn binnekort in Engelse vertaling by SAVUSA in Amsterdam. Daniël Hugo het twee onderhoude met my gedoen oor *Klinkklaar*, die cd-bloemlesing wat ek saam met Elisabeth Eybers se dogter Marita gemaak het: vir die radio en by die Huis der Nederlanden. *My ma se ma se ma se ma* verskyn met 'n skildery van Dumas op die omslag wat ek met hulp van Gerrit Olivier en Riet de Jong-Goossens gemaak het. Dit bevat die bydraes deur Marlene van Niekerk, Olivier, Dumas, Zoë Wicomb, Maxine Case, Barbara Henkes, Paul Faber en myself tot die simposium oor Suid-Afrikaanse families in feit en fiksie wat ek gehou het ter viering van my eerste vyf jaar as hoogleraar in Amsterdam. Dit kan bestel word by die ZA Huis.

Drie studente van Stellenbosch was tydens die eerste ses maande van die jaar met Nuffic-beurse of 'n toekenning van die studiefonds vir Suid-Afrikaanse studente van die Zuid-Afrikahuis aan die VU: Alettie van den Heever, Shané Klein en Karin Lötter. Daar was niks anders as groot lof vir hulle werk hier nie. Van Oktober tot Desember bied ek 'n kwartaalkursus vir VU-studente oor Kaapstad en Johannesburg in die Afrikaanse letterkunde (11 studente) aan en van Februarie tot Mei word dit uitgebrei tot 'n semesterkursus vir UvA-studente.

**Ph.D.'s**

Hanneke Stuit werk as voltydse 'aio' aan die UvA aan haar projek oor Ubuntu in die Suid-Afrikaanse letterkunde, terwyl Ksenia Robbe onder my en Ansgar Nünning se leiding in Giessen werk oor moederskap. Onlangs het 'n Ph.D.-student van Iran gevra of sy volgende jaar ses maande lank in

Amsterdam kan kom werk oor die WVK en die letterkunde. Saskia Lourens het in Oktober by Mieke Bal gepromoveer met die proefskrif *Writing History. National Identity in André Brink's Post-Apartheid Fiction*. Ek was in die kommissie en ongelukkig was daar ernstige hiate wat ek dan ook tydens haar verdediging uitgewys het. Dit was veral 'n gevolg daarvan dat sy blind was vir die feit dat Brink ná 1994 nié "net" sogenaamde English language novels geskryf het nie. Haar begeleiers kon haar skynbaar nie reghelp nie en my advies is nooit gevra nie. Dat romans vanaf *On the Contrary* tot en met *Praying Mantis* ook in Afrikaans verskyn het, het sy nie geweet nie. Geen enkele Afrikaanse resensie is in die bronnelys nie, nie eens Kannemeyer of *Perspektief en Profiel* nie. Dit was nou 'n jammerlike geval van géén samewerking nie, selfs in dieselfde stad. Die ZA Huis met sy uitstekende biblioteek en knipselargief is nie eens een keer besoek nie. Genoeg hiervan! Vincent H. Kuitenbrouwer het so pas sy proefskrif *A War of Words. Dutch pro-Boer Propaganda and the South African War (1899-1902)* aan die UvA voltooi – hy het wel jare lank uitgebreid gebruik gemaak van die NZAV- en Suid-Afrikaanse argiewe.

**Publikasies in 2009**

"'Nederlanders toegezongen op een fluit uit onze eigen ziel gesneden'. De intrede van Elisabeth Eybers (1915-2007) in Amsterdam." In Ronel Foster e.a. (red.): *Over grenzen/Oor grense*.

"'n Laaste weervoorspelling vir Elisabeth Eybers." In Andriëtte Stofberg (samesteller): *By se bedkassieboek.*

"Weerbaar dankzij de draaideur van dubbele punten en de klinkklaarheid van merels: Elisabeth Eybers 1915-2007." In *Bericht aan de Vrienden van de Jan Campert-stichting.* ('n Ander weergawe hiervan na aanleiding van die Dana Mouton-gedenklesing op *Versindaba* se webwerf.)

My orasie uit 2003 in 'n spesiale nommer van *Werkwinkel* met UvA-orasies van ander bijzondere hooglerare (Paasman, Pattynama, Van Kempen, plus dié van Wim Rutgers van die Nederlandse Antillen).

"Herken jou tuisheid in 'n gragtepand." In Danie Marais (red.): *As almal ver is.*

"Van Eden als thuisland allang geen idee meer. Ad Zuiderent op stap in Venda." In Dick van Halsema e.a. (red.): *Uitgaan op niveau.*

**Ander nuus uit Amsterdam**

Marlene Dumas het einde Augustus 'n goue erepenning van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns in die ZA Huis uit hande van Hennie van Coller ontvang. Marlene van Niekerk is drie maande lank in Amsterdam en werk as gashoogleraar in kreatiewe skryfwerk aan die Universiteit van Leiden. Sy het daar 'n briljante Albert Verwey-lesing gelewer in die vorm van 'n storie. Op 19 November ontvang sy 'n eredoktoraat van die Universiteit van Tilburg.

## Adam Mickiewicz-Universiteit (UAM) in Poznań (Pole): Departement Nederlandse en Suid-Afrikaanse Studies

Die Departement Nederlandse en Suid-Afrikaanse Studies is vanjaar versterk deur 'n aantal nuwe aankomelinge, en akademiese bedrywighede sowel as praktiese betrokkenheid neem steeds toe.

'n Besondere eer het onlangs professor Jerzy Koch te beurt geval toe die Nederlandse Ministerie van Buitelandse Sake 'n deel van die beroemde 100-meter lange bank langs die IJmeer aan hom bewillig het. Die unieke en oorspronklike "Space to Take Place"-projek bring hulde aan Nederland se mees gewaardeerde buitelandse kontakte. Professor Koch deel hier 'n sitplek met presidente, akademici, sportlui en kunstenaars van regoor die wêreld. Gedurende die laaste IVN-kongres in Utrecht het hy ook verlede jaar se Neerlandia-Visserprijs ontvang; Algemeen Nederlands Verbond het die prys aan hom toegeken vir sy individuele verdienste by die bevordering van die Neerlandistiek in Pole.

Dr. Pawel Zajas het in Maart sy habilitasie voltooi na publikasie en suksesvolle verdediging van sy boek (in Pools) *A South African Postcolonial Imaginarium in Dutch and Polish Literature*. Volgens vier keurders wat die Fakulteit en die minister aangestel het, het hierdie boek ruim aan die vereistes voldoen. Die pad staan nou oop vir hom om as Universiteitsprofessor benoem te word. Intussen het hy sy ondersoek verskuif na kreatiewe niefiksie van Poolse, Nederlandse, Duitse, Oostenrykse en Suid-Afrikaanse outeurs, asook die outoriteitsfiguur in die Afrikaanse literatuurwetenskap. Beide hierdie studies sal in boekvorm gepresenteer word.

### Publikasies

Ons akademiese tydskrif, *Werkwinkel – Journal of Low Countries and South African Studies*, het hierdie jaar met kinderskoene groot spronge geneem. Nie net is *Werkwinkel* op die amptelike ministeriële register ingesluit nie, dit is ook die maksimum van 6 punte toegeken. Ons sien optimisties uit na internasionale akkreditasie in die nabye toekoms.

In die reeks *Nederlandse en Suid-Afrikaanse Biblioteek* publiseer ons boeke wat die resultate van Poolse akademici op die gebied van Nederlandse en Suid-Afrikaanse studies aan die publiek bekendstel. Dr. Ula Topolska se *Od literatury gastarbeiterów do literatury niderlandzkiej (1993-2003)* ("Van gasarbeiderliteratuur tot Nederlandse literatuur") is vroeër vanjaar bekendgestel. Die dissertasie beskou die debuutwerke van Nederlandse skrywers met meervoudige kulturele herkomste. Sensitiewe kwessies rondom nasionale identiteit word hier met 'n breë, interdissiplinêre benadering aangepak en uiteengesit. Die gevolgtrekkings van hierdie ondersoek word dan ook in verband gebring met die impak op die Nederlandse literêre kanon.

As deel van dieselfde reeks het *Van koloniale naar wêreldliteratuur?* ook vanjaar verskyn onder redaksie van prof. Jerzy Koch en dr. Ewa Dynarowicz. Die boek bied via ses professorale intreeredes 'n eiesoortige blik op die post-koloniale Nederlandse literatuur. Ena Jansen, Pamela Pattynama, Michiel van Kempen, Wim Rutgers, Marlene van Niekerk en Olf Praamstra verteenwoordig perspektiewe uit Indonesië, Suriname, Indië, Suid-Afrika, Wes-Indië en Nederland. Die kernbegrippe van kreolisering en hibriditeit kom telkens aan bod, sowel as die proses van *rememorying* en die terugkerende verhoudings van

kolonialisme jeens tweede-generasie outeurs. Met ‘n inleiding deur Theo D’Haen en ‘n nabetragting deur Jerzy Koch is hierdie versameling orasies nie net ‘n vars en lewendige blik op die post-koloniale Nederlandse literatuur nie, maar ook eg boeiende leesstof.

Dr. Ewa Dynarowicz het verlede jaar haar doktorale proefskrif oor die Waarheids- en Versoeningskommissie suksesvol verdedig. Hierdie breedvoerige studie van die prosesse van kollektiewe en persoonlike identiteitskonstruksie kyk na die verhouding hede-verlede in ‘n Suid-Afrikaanse konteks, en bring dit ook in verband met die Poolse situasie. Die Departement beoog om hierdie proefskrif in boekvorm uit te bring, mits daar ‘n manier gevind kan word om die publikasiekoste te dek.

**Ons personeel**

Die gesig van die Departement Nederlandse en Suid-Afrikaanse Studies het hierdie jaar ‘n hele paar veranderinge ondergaan. Enkele personeellede het ons verlaat, maar meer het (uit alle oorde) by ons aangesluit.

Ola Cichocka verskuif vanjaar haar fokus van die omsien na vele studente na die omsien na haar eersteling. Haar bydrae tot die groei van die Departement op hierdie wyse word waardeer.

Dr. Hubert van den Berg sluit by ons aan vanuit Nederland. Dr. van den Berg was al verbonde aan die Universiteit van Amsterdam, Groningen, Leiden en twee Duitse universiteite, Carl-von-Ossietzky-Universiteit in Oldenburg en die Universiteit van Osnabrück, en het ook al by verskeie instansies as gasspreker, redakteur en kurator opgetree. Hy is die outeur van 130 akademiese artikels en ‘n internasionale kenner op die gebied van die historiese avant-garde. Hy is voorwaar ‘n aanwins vir ons Departement en vul die leemte gelaat deur dr. Ula Topolska, wat na 3 jaar by ons ‘n ander pos aanvaar het.

Katarzyna Wiercińska begin vanjaar haar Ph.D.-studie in taalkunde by ons. Haar navorsing gaan oor die huidige taalsituasie in die Lae Lande, met spesifieke fokus op die Vlaamse “tussentaal”.

Robertus de Louw sluit by ons aan as Senior Lektor met spesialiteit in Nederlandse taalverwerwing. Hy het sy M.A. by die Universiteit van Poznan verwerf en het ook al gedoseer in Amerikaanse Studies en Engelse Taalverwerwing. Hy is ook betrokke by die TTC in Torun, waar hy die hoof van Onderwyspraktyk is, en in Engels en Metodologie spesialiseer.

Stephen Naudé bied vanjaar sy dienste elders aan, en word vervang deur Tertius Kapp as Senior Lektor in Suid-Afrikaanse studies. Tertius het sy M.A. (Kreatiewe Skryfkunde in Afrikaans) aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf, is aktief betrokke as dramaturg en regisseur by teaterproduksies, en sy poësie is ook onlangs opgeneem in *Groot Verseboek*. Ons sien uit na bydraes op vele vlakke van hierdie nuwe medewerker.

**Ons studente**

Ons studente brand die kers aan al drie kante, met indrukwekkende resultate. Benewens ‘n gewigtige akademiese lading en ‘n aktiewe studente-organisasie, doen hulle volgens die Poolse universiteitsisteem ook praktiese ervaring op. Hier help ons so ver ons kan met die reël van internskappe en ons goeie

bande met die waarnemende ambassadeur, Willie van der Westhuizen, help dikwels om hulle kontak met die werksomgewing te versterk. Net verlede week het ons studente Suid-Afrika verteenwoordig by die *Tour Salon*-uitstalling wat plaaslik gehou is.

Die “Koło Naukowe” is egter die ruimte waar die studente werklik die geleentheid kry om hulle nuutgeleerde kultuur uit te leef. Hierdie studente-organisasie bied Suid-Afrikaanse toneelstukke, poësie-aande en kulturele uitstappies aan en as personeel is dit vir ons ‘n groot plesier om te sien hoe entoesiasties die betrokkenheid is. Al wat op die oomblik in ons pad staan, is die beperkte fondse wat beskikbaar is vir sulke projekte. Die hoop is dat ons, hetsy plaaslik of uit Suid-Afrika, borge sou kon kry om hierdie werk verder te voer.

Meer inligting oor ons medewerkers en hulle werksaamhede is beskikbaar in die kuberruimte by http://ifa.amu.edu.pl/dutchafrikaans.

## AFRIKAANSE LETTERKUNDEVERENIGING

**Telnr.**
(011) 559-2694
**Faks**
(011) 559-3061

**E-Pos**
trudis@uj.ac.za

B Ring 511
Dept. Afrikaans
Universiteit van Johannesburg
Posbus 524
Auckland Park
2006

### Hernuwing van Lidmaatskap 2010

| | |
|---|---|
| **Titel** | |
| **Voorletters** | |
| **Van** | |
| **Posadres**<br><br><br><br>**Poskode** | |
| **Telefoon**<br>**(huis)**<br>**(werk)**<br>**(sel)** | |
| **E-pos** | |

**Betalingbesonderhede:** ALV (Afrikaanse Letterkundevereniging)
Dr. Marthinus Beukes
Departement Afrikaans
Universiteit van Johannesburg
Posbus 524
Aucklandpark
2006

| | |
|---|---|
| **Intekengeld:** | **R100** |
| **Studente/Pensioenarisse:** | **R 75** |
| **Buitelandse lede:** | **R150** |

| | | |
|---|---|---|
| | **Bank:** | **ABSA** |
| | **Rekeningnommer:** | **0-1017-4260** |
| | **Rekeningtipe:** | **tjek** |
| | **Tak:** | **Rosebank Sentraal** |
| | **Taknommer:** | **630 805** |
| **(Buitelandse lede)** | **Swiftkode:** | **Absa zajj** |

**Bewys van betaling asook hernuwingskennisgewing moet asseblief gepos / gefaks word aan: (011) 559 3061.**